KONSEP KINDERSORG- EN BESKERMINGSWET – SAKE VIR OPENBARE BESPREKING

KINDERS MET BEHOEFTE AAN BESKERMING

Definisie

Die Konsep Kindersorg- en Beskermingswet definieër 'n kind met behoefte aan beskerming as 'n kind:

- wat verlate of wees is, waar daar nie genoegsame voorsiening gemaak is vir die versorging van die kind nie
- in 'n toestand van fisiese of verstandelike verwaarlosing is.
- wat betrokke is in 'n gedragspatroon wat skadelik is, waar die ouer, die voog of die versorger onbevoeg of onwillig is om daardie gedrag te beheer.
- wat leef of werk op die strate of bedel om 'n bestaan te voer
- wat blootgestel is aan omstandighede wat die kind se fisiese, verstandelike of sosiale welsyn ernstig beskadig
- wat mag blootgestel word aan die risiko van soortgelyke skade as die kind in die toesig van die ouer, voog of versorger terug gebring word.
- wat moontlik mishandel of verwaarloos word.

Meer as 400 kinders in Windhoek alleen met behoeftes aan beskerming word elke jaar gevind en in alternatiewe sorg geplaas.

ONDERWERP VIR BESPREKING: Watter soort probleme stel kinders in hulle eie huishoudelike omgewings in gevaar?

Verpligte rapportering

Kindermishandeling en -verwaarlosing vind gewoonlik privaat plaas, in 'n huis, met geen getuienisse anders as die ouers en die kinders nie. Rapporteringswette is ontwikkel om gevalle van moontlike verkeerde dade onder die aandag te bring van die publieke owerhede wat in 'n posisie is om te help. Verpligte rapporteringswette is wette wat vereis dat mense sake rapporteer as hulle vermoed dat 'n kind mishandel word. Vrywillige aanmeldingswette is wette wat mense aanmoedig om gevalle te rapporteer as hulle vermoed dat 'n kind mishandel word.

Die Konsep Kindersorg- en Beskermingswet sê dat daar verpligte rapportering moet wees deur all persone wat "redelik glo" dat 'n kind "dalk behoefte het aan beskerming".

Hierdie vereistes vervang alle reëls oor profesionele vertroulikheid behalwe vir vertroulike besprekings tussen regsgeleerdes en hulle kliënte. 'n Boete van tot N$20 000 of tronkstraf tot en met 5 jaar (of albei) kan opgelê word vir versuim van rapportering.

Argumente VIR verpligte rapportering	Argumente TEEN verpligte rapportering
Kinders benodig spesiale beskerming omdat hulle minder bevoeg is as volwassenes om hulself te help.	Kinders, ouers of hulle versorgers mag huiwerig wees om hulp te soek, veral mediese aandag, as hulle weet dat dit sal lei tot die rapportering van die mishandeling of verwaarlosing.
Verpligte rapportering sal die getalle van kinder mishandeling en verwaarlosing wat aan die owerhede geraporteer word, verhoog.	Verpligte rapportering mag tot verdere mishandeling lei as 'n reaksie op die rapportering daarvan.
Namibië het 'n verpligting om kinders te beskerm. Alle mense moet betrokke wees om hierdie doel te bereik.	Verpligte rapportering is feitlik nie forseerbaar nie. Dit sal moeilik wees om te bewys dat 'n persoon mishandeling vermoed het maar versuim het om dit te rapporteer.
Verpligte rapportering verhoog bewuswording oor die behoefte vir elkeen in die gemeenskap om saam te werk om kinders te beskerm.	Verpligte rapportering mag die familie ontmagtig deurdat kinders en hulle familie die geleentheid ontneem word om ander maniere te vind om die mishandeling te beëindig.

Wat doen ander lande?

Volgens die Suid Afrikaanse Kinderwet van 2005 is rapportering verpligtend deur persone wat professioneel met kinders werk, en vrywillig deur enigeen anders. In die Verenige State van Amerika (VSA), word daar van alle 50 state verpligte rapportering vereis deur 'n reeks professionele beroepe. In Kenia en Nieu Seeland vind die teenoorgestelde plaas, en alle rapportering is vrywillig.

SAKE VIR BESPREKING

- Moet die rapportering van kinders met behoefte aan beskerming verpligtend of vrywilliglik plaasvind ?
- Moet daar verskillende reëls oor rapportering vir verskillende mense wees, soos byvoorbeeld verpligte rapportering vir professionele beroepe wat met kinders werk en vrywillige rapportering vir die algemene publiek?
- Is daar 'n gevaar dat siek of beseerde kinders nie die mediese aandag gaan kry wat hulle nodig het nie indien daar van dokters en verpleegkundiges vereis word om die dokter-pasiënt vertroulikheid te verbreek en verslag te gee?
- As verpligte rapportering vereis word, beteken dit dat een ouer mishandeling moet rapporteer wat deur die ander ouer gepleeg is. Versuiming van die rapportering van mishandeling is strafbaar. Sal dit redelik wees om hierdie ouer te straf? Wat as dié ouer ook deur die ander ouer mishandel of aangerand is?
- Is 'n kriminele boete die beste straf vir versuiming om te rapporteer of is daar 'n beter straf maatreël wat toegepas kan word?

Hulp aan 'n kind met behoefte aan beskerming

Onder die wetsontwerp, as 'n maatskaplike werker se ondersoek rede tot kommer wek, sal die Kinderhof 'n verhoor hou om te besluit of die kind 'n behoefte aan beskerming het. 'n Kind wat in gevaar is kan in 'n tydelike plek van veiligheid geplaas word totdat die Kinderhof verhoor afgehandel is. Kinders wat volwasse genoeg is sal 'n kans het om hulle opinie tydens die verhoor te lug. Indien die hof bevind dat dit 'n risiko van gevaar vir die kind inhou kan die hof 'n bevel uitreik wat bepaal hoe die kind beskerm moet word. Die kind kan moontlik terug gestuur word na sy normale tuiste met 'n bevel vir maatskaplike toesig en familieberading. Die kind mag moontlik verwyder word van die normale tuiste en in alternatiewe sorg geplaas word, soos by 'n pleeg familie of in 'n kinderhuis. Die hof mag ook 'n spesieke person beopdrag om kindermishandeling stop te sit of om nie kontak met die kind te hê nie. Daar is baie opsies. Die opdrag sal afhang van die situasie.

SAKE VIR BESPREKING

- Wat kan gedoen word om te verhoed dat kinders uit hulle huishoudings verwyder word terwyl hulle nog veilig gehou kan word?
- As 'n kind uit haar/sy huishouding verwyder word, waar moet die kind geplaas word?
- As die kind uit die normale huishouding verwyder moet word, wat kan gedoen word om die onderliggende probleme op te los en om die familie te verenig?
- Moet verpligtende monitordienste deur maatskaplike werkers gelewer word om alle hofsake rakende kinderbeskerming op te volg?

WAT DINK JY?

Stuur jou kommentaar aan:

SMS: 0814241591
E-pos: CCPA@lac.org.na
Faks: 088613715
Posadres: Posbus 604, Windhoek

Vir meer inligting oor die Konsep Kindersorg- en Beskermingswet, kontak
Monalisa Zatjirua (061-2833116) of **Celeste Feris** (061-2833179)
by die Ministerie van Geslagsgelykheid en Kinderwelsyn,
of **Rachel Coomer** by die Legal Assistance Centre (061-223356).

Dié feiteblad is ontwerp deur die **Ministerie van Geslagsgelykheid en Kinderwelsyn**, gefasiliteer deur die **Legal Assistance Centre** en ondersteun deur **UNICEF.**

MGECW

unicef